SONOP TENNISKLUB / CLUB

c/o William and Marais Streets, Brooklyn, Pretoria
PO Box 14250, Hatfield, 0028
☎: 083 252 9176
✉: vuurends@pixie.co.za
www.sonoptennisclub.co,za

Gesonde lewensstyl/Healthy lifestyle

SONOP TENNISKLUB REëLS / RULES

Ons klubreëls is eintlik beperk tot wat by meeste Tennisklubs geld en sommige ge-integreer in die konstitusie. Dit word van tyd tot tyd aangepas soos nuwe sake voorkom. Dit behels sake wat as jy 'n tennisspeler is, vanselfsprekend is (sommige is op die aansoekvorm):

Our club rules are actually limited to what most tennis clubs apply and some are integrated into the constitution. It is adjusted from time to time as new issues occur. This involves matters that are obvious if you are a tennis player (some are on the application form):

1. Speel op die bane slegs met tennisskoene en dra tennisklere / Only play on the courts with tennis shoes and wear tennis clothes.
2. Geen sokkerspel of krieket sal op die bane toegelaat word nie / No soccer game or cricket will be allowed on the courts.
3. Afrigters gebruik wel spel-vaardighede om leerders balvaardighede te leer / Coaches, however, use game skills to teach learners ball skills.
4. Sluit die baanhekke as jy klaar gespeel het en die terreinhek as jy laaste gespeel het / Close and lock the court gates when you have finished playing and the terrain gate if you are the last player.
5. Geen onthaal of drankgebruik en lawaai word toegelaat op die perseel nie / No entertainment or drinking and noise is allowed on the premises.
6. As jy klaar gespeel het verslap die net om spanning te verlig op die netkabel / When finished playing, just relax the net to relieve stress on the cable cord.
7. Gedra jou op (en af!) van die tennisbane, wees hoflik en vriendelik teenoor mede spelers en indien al die bane beset is en mense wag om te speel, gee hulle ook kans / Behave on (and off!) the tennis courts, be courteous and kind to fellow players and if all the courts are occupied and people wait to play, give them also a chance.
8. Die klub het baie diplomatieke lede, wees gasvry en behulpsaam en laat hulle welkom voel / The club has many diplomatic members, be friendly and helpful and make them feel welcome.
9. Voltydse lede kan sosiaal saam met ander lede op Saterdaemiddae en Woensdagmiddae speel. Kontak Schalk van Vuuren indien jy deel van die groep wil wees / Full-time members can play socially with other members on Saturdays and Wednesdays. Contact Schalk van Vuuren if you want to become part of this group.
10. Sleutels (wat as bewys van lidmaatskap dien) mag nie gedupliseer en aan derde partye verskaf word nie / Keys (which serve as proof of membership) may not be duplicated and provided to third parties.
11. Kinders van lede moet onder toesig speel sodat daar nie aan die nette gehang word en ander speletjies gespeel word wat nie tennis is nie / Children of members must be supervised to avoid hanging on the nets and playing other games that are not tennis.
12. Lede kan met nie-lede as gas speel, maar as dit op 'n gereelde basis plaasvind dan moet die gas aansoek doen om lid te word / Members can play with non-members as guests, but if it happens on a regular basis, the guest must apply to become a member.
13. Vir die gebruik van die spreiligte moet 'n deposito betaal word om vir kraggebruik per uur per speler te betaal ('n sleutel sal verskaf word-wat nie gedupliseer mag word nie) / For the use of the floodlights, a deposit must be paid to pay for per hour per player (a key will be provided - which may not be duplicated).
14. Kontak Schalk as daar tekens van beskadiging van eiendom (klubhuis of bane) of diefstal (nette en slotte is al gesteel) waargeneem word / Contact Schalk if signs of damage to property (clubhouse or courts) or theft (nets and locks have been stolen) are observed.

15. Sommige Maandae en Woensdae gedurende die eerste en derde kwartaal is daar ‘n ooreenkoms gesluit met Laerskool Pretoria Oos waar hulle liga speel van 14:00 tot 16:00. Hulle geniet voorkeur. / Some Mondays and Wednesdays during the first and third quarters, an agreement has been concluded with Pretoria East Primary School where they play league from 14:00 to 16:00. They enjoy preference.

16. Ons het beperkte parkering vir tennisspelers of hul ouers as hulle tennis speel en publieke parkering (al is hulle lede of hulle vriende) bedags of saans word nie deur die Stadsraad geduld nie en daar is al voertuie geskut met onaangename gevolge vir studente en hulle ouers / We have limited parking for tennis players or their parents if they play tennis and public parking (even if they are members or their friends) are not tolerated by the City Council during the day or evening, and vehicles have been confiscated with unpleasant consequences for students and their parents ;

Augustus 2018 / August 2018